Flukonasool word byna volledig vanuit die maagdermkanaal geabsorbeer. Die konsentrasie in die plasma is essensieel dieselfde, ongeag of flukonasool oraal of intraveneus toegedien word en die biobeskikbaarheid word nie deur voedsel of maagsuurheid beïnvloed nie. Piek plasmakonsentrasies is 4 tot 8 µg/ml na herhaalde dosisse van 100 mg. Nieruitskeiding is verantwoordelik vir meer as 90 % van die eliminasie, en die eliminasiehalfleeftyd is 25 tot 30 ure. Flukonasool versprei geredelik in die liggaamsvloeistowwe, insluitende sputum en speeksel; konsentrasies in die SSV is 50 % tot 90 % van die gelyktydige plasmawaardes. Die doseringsinterval behoort verhoog te word van 24 na 48 ure met 'n kreatinienopruiming van 21 tot 40 ml/min en na 72 ure teen 10 tot 20 ml/min. 'n Dosis van 100 tot 200 mg behoort na elke hemodialise toegedien te word. Ongeveer 11 % tot 12 % van die plasmakomponent word aan proteïen gebind.

INDIKASIES:
AURO FLUCONAZOLE word aangedui vir die behandeling van die volgende kondisies in volwassenes:Kriptokokmeningitis en onderhoudsterapie om die terugval van kriptokoksiekte in pasiënte met die volgende kondisies te voorkom:
1. Sistemiese kandidiase.
2. Orofaringeale en esofageale kandidiase.
3. Voorkoming van swaminfeksies in pasiënte met 'n kwaadaardigheid wat as gevolg van sitotoksiese chemo-en radioterapie tot sulke infeksies predisponeer.

KONTRA-INDIKASIES:
- **AURO FLUCONAZOLE** behoort nie in pasiënte met 'n bekende hipersensitiwiteit teen flukonasool of enige van die bestanddele of verwante asoolmiddels gebruik te word nie.
- Swangerskap en laktasie (sien "**SWANGERSKAP EN LAKTASIE**").
- Veelvuldige dosisterapie word teenaangedui in pasiënte met ingekorte nierfunksie.
- Die medetoediening van **AURO FLUCONAZOLE** saam met medisyne wat deur die CYP3A4 gemetaboliseer word en wat daarvoor bekend staan dat hulle die QT-interval verleng, soos kisapried, astemisool, pimosied en kinidien (sien "**INTERAKSIES**").

WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGSMAATREËLS:

Lewerfunksie:
Flukonasool, soos in **AURO FLUCONAZOLE**, is geassosieer met gevalle van ernstige lewertoksisiteit, insluitende fatale gevalle, hoofsaaklik in pasiënte met ernstige onderliggende mediese kondisies. In gevalle van flukonasoolverwante lewertoksisiteit, is geen duidelike verwantskap met die totale daaglikse dosis, duurte van terapie, geslag of ouderdom van die pasiënt waargeneem nie. Lewertoksisiteit kan met die staking van **AURO FLUCONAZOLE** omkeerbaar wees. Pasiënte wat abnormale lewerfunksie-toetse gedurende **AURO FLUCONAZOLE** terapie ontwikkel, behoort vir die ontwikkeling van meer ernstige lewerbeskadiging gemonitor te word. Die gebruik van **AURO FLUCONAZOLE** behoort gestaak te word as kliniese tekens of simptome konsistent met lewersiekte ontwikkel, wat aan flukonasool toegeskryf kan word.

VIGS:
VIGS-pasiënte is meer geneig tot die ontwikkeling van erge velreaksies teen menige medisyne. As pasiënte met ingrypende/sistemiese swaminfeksies uitslag ontwikkel, behoort hulle noukeurig gemonitor te word en **AURO FLUCONAZOLE** behoort onttrek te word as bulleuse letsels of erythema multiforme ontwikkel.

Laktose:
AURO FLUCONAZOLE bevat laktose en behoort nie aan pasiënte met selde voorkomende oorerflike probleme of 'n geskiedenis van galaktoseïntoleransie, Lapp-laktasetekort of glukose-galaktose wanabsorpsie toegedien te word nie.

Effekte op die vermoë om te bestuur en met masjinerie te werk:
AURO FLUCONAZOLE kan abnormale visie veroorsaak wat die vermoë om te bestuur en met masjinerie te werk kan affekteer.

INTERAKSIES:
Daar is aangetoon dat **AURO FLUCONAZOLE** die protrombientyd/INR in pasiënte wat warfarien ontvang, verhoog. Bloedingsepisodes (kneusing, epistakse, gastroïntestinale bloeding, hematurie en melena) is in assosiasie met toenames in protrombientyd/INR in pasiënte wat flukonasool soos in **AURO FLUCONAZOLE** gelyktydig met warfarien ontvang, aangemeld. In die meegaande behandeling met **AURO FLUCONAZOLE** en warfarien behoort die dosis van die teenstolmiddel versigtig getitreer en die protrombientyd/INR noukeurig gemonitor te word. Aandag behoort veral aan dié pasiënte gegee te word wat minder ernstige mondchirurgie of tandheelkundige prosedures vereis.

Bensodiasepiene (kortwerkend): Die gelyktydige orale toediening van midasolam en flukonasool het tot aansienlike toenames in midasolam-konsentrasies en die psigomotoriese effekte daarvan gelei. Hierdie effek op midasolam blyk meer uitgesproke te wees na orale toediening van flukonasool as met flukonasool wat intraveneus toegedien word. As gelyktydige bensodiasepienterapie (bv. midasolam, triasolam) nodig is in pasiënte op behandeling met **AURO FLUCONAZOLE**, behoort 'n verlaging van die bensodiasepiendosis oorweeg te word en hierdie pasiënte behoort dienooreenkomstig gemonitor te word.

Daar is aangetoon dat flukonasool, soos in **AURO FLUCONAZOLE** die serumhalfleeftyd van gelyktydig toegediende orale sulfonilureas verleng.

Geen klinies beduidende interaksies is in die medetoediening van orale voorbehoedmiddels of simetidien waargeneem nie. Geen nadelige effekte is op endogene steroïedvlakke of AKTH-gestimuleerde kortisolrespons waargeneem nie.

'n Kinetiese studie in nieroorplantingspasiënte het gevind dat flukonasool 200 mg per dag die siklosporienkonsentrasies langsaam verhoog. In 'n ander veelvuldige dosisstudie met 100 mg daagliks, het flukonasool nie die siklosporienkonsentrasies in pasiënte met beenmurgoorplantings geaffekteer nie. Die monitering van plasmakonsentrasies van siklosporien in pasiënte wat **AURO FLUCONAZOLE** ontvang, word aanbeveel.

Die medetoediening van veelvuldige dosisse van hidrochlorotiasied kan die plasmakonsentrasies van flukonasool soos in **AURO FLUCONAZOLE** verhoog.

Die gelyktydige toediening van **AURO FLUCONAZOLE** en fenitoïen kan die vlakke van fenitoïen tot 'n kliniese beduidende vlak laat toeneem.

Die gelyktydige toediening van **AURO FLUCONAZOLE** en teofillien kan die risiko van teofillientoksisiteit weens 'n flukonasoolgeïnduseerde afname in plasma teofillienopruiming laat toeneem

Die gelyktydige toediening van **AURO FLUCONAZOLE** en rifampisien kan tot 'n 25 % afname in die AOK en 20 % korter halfleeftyd van flukonasool lei.

Sidovudien: Twee kinetiese studies het tot 'n toename in sidovudienvlakke gelei, mees waarskynlik veroorsaak deur die afname in omskakeling van sidovudien na sy belangrikste metaboliet. Een studie het sidovudienvlakke in VIGS of ARV-pasiënte vóór en na flukonasool 200 mg per dag vir 15 dae bepaal. Daar was 'n beduidende toename in die AOK van sidovudien (20 %). 'n Tweede, twee-periode, twee-behandeling oorkruisstudie het die sidovudienvlakke in MIV-pasiënte bestudeer. Met twee geleenthede, 21 dae uitmekaar, het pasiënte 200 mg sidovudien elke agt ure met of sonder 400 mg flukonasool vir sewe dae ontvang. Die AOK van sidovudien het beduidend (74 %) gedurende die medetoediening van flukonasool toegeneem. Pasiënte wat **AURO FLUCONAZOLE** in kombinasie met sidovudien ontvang behoort vir die ontwikkeling van sidovudienverwante newe effekte gemonitor te word.

Nevirapien: Die medetoediening van flukonasool en nevirapien kan tot 'n byna 100 % toename in nevirapienblootstelling lei, in vergelyking met historiese data waar nevirapien alleen toegedien word. Weens 'n risiko in die toename in blootstelling aan nevirapien, behoort sorg aan die dag gelê te word as nevirapien en **AURO FLUCONAZOLE** saam toegedien word en pasiënte behoort noukeurig gemonitor te word.

Kisapried: Daar bestaan vermeldings van hartepisodes, insluitende torsade de pointes in pasiënte aan wie flukonasool en kisapried saam toegedien is. Die medetoediening van kisapried word teenaangedui in pasiënte wat **AURO FLUCONAZOLE** ontvang.

Rifabutien: Daar bestaan vermeldings van 'n interaksie wanneer flukonasool saam met rifabutien toegedien word, wat tot 'n toename in die serumvlakke van rifabutien lei. Daar bestaan vermeldings van uveitis in pasiënte in wie flukonasool en rifabutien saam toegedien is. Pasiënte wat beide rifabutien en **AURO FLUCONAZOLE** ontvang, behoort noukeurig gemonitor te word.

Takrolimus: Daar bestaan vermeldings van 'n interaksie wanneer flukonasool saam met takrolimus toegedien word, wat lei tot 'n toename in serumvlakke van takrolimus. Daar bestaan vermeldings van nefrotoksisiteit in pasiënte aan wie **AURO FLUCONAZOLE** en takrolimus saam toegedien is. Pasiënte wat gelyktydiglik takrolimus en flukonasool ontvang, behoort noukeurig vir veranderinge in die plasmakonsentrasies en/of nefro- en neurotoksisiteit gemonitor te word.

Die gebruik van **AURO FLUCONAZOLE** in pasiënte wat tegelykertyd astemisool of ander medisyne wat deur die sitochroom P-450 sisteem gemetaboliseer word, kan geassosieer word met toenames in die serumvlakke van hierdie medisyne. In die afwesigheid van definitiewe inligting, behoort sorg aan die dag gelê te word wanneer **AURO FLUCONAZOLE** saam toegedien word. Pasiënte behoort noukeurig gemonitor te word (sien "**WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGSMAATREËLS**").

SWANGERSKAP EN LAKTASIE:

Gebruik gedurende swangerskap en laktasie:
Daar bestaan onvoldoende en geen goed gekontroleerde studies wat die veiligheid van flukonasoolbehandeling in swanger vroue bestudeer het nie. Daar bestaan vermeldings van kongenitale abnormaliteite in babas wie se moeders met flukonasool behandel is. Die verwantskap tussen die gebruik van flukonasool en hierdie episodes is onduidelik.

Laktasie, aangesien flukonasool in borsmelk gevind word, soortgelyk aan die konsentrasie in plasma.

DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS:
Terapie vir die tipes infeksies wat veelvuldige dosisbehandeling vereis, behoort voortgesit te word totdat kliniese parameters of laboratoriumtoetse aandui dat die aktiewe swaminfeksies verdwyn het.

'n Onvoldoende periode van behandeling kan tot herhaling van die aktiewe infeksie lei. Pasiënte met VIGS en kriptokokmeningitis of herhalende orofaringeale kandidiase vereis gewoonlik onderhoudsterapie om 'n terugval te voorkom.

Gebruik in volwassenes:
1. Vir kriptokokmeningitis is die normale dosis 400 mg op die eerste dag, gevolg deur 200 mg een keer per dag. Afhangende van die kliniese respons kan hierdie dosis na 400 mg per dag verhoog word. Die duurte van behandeling van kriptokokmeningitis is gewoonlik 6 - 8 weke.

   Vir die voorkoming van 'n terugval van kriptokokmeningitis in pasiënte met VIGS, nadat die pasiënt 'n volle kursus van die primêre terapie ontvang het, kan **AURO FLUCONAZOLE** toegedien word teen 'n daaglikse dosis van 100 tot 200 mg.
2. Vir sistemiese kandidiase is die normale dosis 400 mg op die eerste dag, gevolg deur 200 mg per dag daarna. Afhangende van die kliniese respons, kan hierdie dosis na 400 mg per dag verhoog word. Die duurte van behandeling word op die kliniese respons gebaseer.
3. Vir orofaringeale kandidiase is die normale dosis 50 tot 100 mg een keer per dag vir 7 - 14 dae. Indien nodig kan die behandeling vir langer voortgesit word in pasiënte met 'n erg beklemde immuunfunksie.

   Vir die voorkoming van 'n terugval van orofaringeale kandidiase in pasiënte met VIGS, nadat die pasiënt 'n volle kursus van die primêre terapie ontvang het, kan **AURO FLUCONAZOLE** toegedien word teen 'n dosis van 150 mg een keer per week.

   Vir esofageale kandidiase is die aanbevole dosis 200 mg op die eerste dag, gevolg deur 100 tot 200 mg een keer per dag. Dosisse van tot soveel as 400 mg/dag kan gebruik word, gebaseer op die mediese beoordeling van die pasiënte se respons op terapie. Pasiënte met esofageale kandidiase behoort vir 'n minimum van drie weke behandel te word en vir ten minste twee weke na verdwyning van die simptome daarna.
4. Die aanbevole **AURO FLUCONAZOLE** dosis vir die voorkoming van kandidiase is 50 mg tot 400 mg een keer per dag, gebaseer op die pasiënt se risiko vir die ontwikkeling van swaminfeksies. Vir pasiënte met 'n hoë risiko van sistemiese infeksie bv. pasiënte met 'n verwagte uitgesproke of verlengde neutropenie is 'n dosis van 400 mg een keer per dag gebruik. Die toediening van **AURO FLUCONAZOLE** behoort verskeie dae vóór die verwagte aanvangs van neutropenie te begin en vir 7 dae nadat die neutrofieltelling na meer as 1000 selle per mm3 styg.

Gebruik in bejaardes:
Waar daar geen bewys van ingekorte nierfunksie is nie, behoort die normale dosisaanbevelings gevolg te word.

Gebruik in kinders:
Die formulasie is nie geskik vir dosisse < 50 mg/kg nie.

Dosis in Pasiënte met Ingekorte Nierfunksie:
Flukonasool word hoofsaaklik deur nieruitskeiding as onveranderde middel opgeruim. Geen dosisaanpassings is in enkeldosisterapie nodig nie. Veelvuldige dosisterapie behoort noukeurig in pasiënte met ingekorte nierfunksie gemonitor te word.

In pasiënte met ingekorte nierfunksie behoort 'n enkel dosis van 50 tot 400 mg toegedien te word. Na die aanvanklike dosis behoort die daaglikse dosis (volgens die indikasie) op die volgende tabel gebaseer te word:

Kreatinienopruiming (ml/min)	Persent van Aanbevole Dosis
>50	100 %
<50	50 %
Gereelde hemodialise	100 % na elke dialise

Hierdie is voorgestelde dosisaanpassings gebaseer op die farmakokinetika na toediening van veelvuldige dosisse. Afhangende van die kliniese kondisie mag verdere aanpassing nodig wees. As serumkreatinien die enigste beskikbare maatstaf van nierfunksie is, behoort die volgende formule (gebaseer op geslag, massa en ouderdom van die pasiënt) gebruik te word om die kreatinienopruiming te skat

$$\text{eGFT* (ml/min)} \quad \frac{\text{(140 -ouderdom) X Massa (kg)}}{S_{kr}\ \text{(mmol/litre)}}$$

*Vir vroue word die GFT met 0,85 vermenigvuldig.

NEWE EFFEKTE:

Afwykings van die bloed- en limfsisteem:
Dikwels: Trombositopenie.
Die volgende newe effekte is aangemeld maar die frekwensies is onbekend: Neutropenie, leukopenie.

Afwykings van die immuunstelsel:
Die volgende newe effekte is aangemeld maar die frekwensies is onbekend: Anafilakse, angioëdeem.

Metaboliese en voedingsafwykings:
Die volgende newe effek is aangemeld maar die frekwensie is onbekend: Hipertrigliseridemie.

Afwykings van die senuweestelsel:
Die volgende newe effek is aangemeld maar die frekwensie is onbekend: Stuipaanvalle.

Gastroïntestinale afwykings:
Dikwels: Buikpyn, braking, naarheid, diarree, winderigheid.
Die volgende newe effekte is aangemeld maar die frekwensies is onbekend: Smaakafwyking, hardlywigheid, dispepsie.

Hepatobileêre afwykings:
Die volgende newe effekte is aangemeld maar die frekwensies is onbekend: Hepatitis, lewerversaking.

Afwykings van die vel en subkutane weefsel:
Dikwels: Stevens-Johnson se sindroom.
Die volgende newe effekte is aangemeld maar die frekwensies is onbekend: Alopesie, toksiese epidermale nekrolise, pruritus, urtikarie.

Geslagstelsel- en borsafwykings:
Die volgende newe effek is aangemeld maar die frekwensie is onbekend: Menstruele afwykings.

Oogafwykings:
Die volgende newe effek is aangemeld maar die frekwensie is onbekend: Abnormale gesig.

BEKENDE SIMPTOME VAN OORDOSERING EN BESONDERHEDE VAN DIE BEHANDELING DAARVAN:
Die volgende episodes kan met 'n oordosering van **AURO FLUCONAZOLE** voorkom: slaaploosheid, geïrriteerdheid, braking, diarree, buikpyn/-krampe, anoreksie, bultende fontenel, toename in alkaliese fosfatase en gammaglutamieltranspeptidase, toename in serumkalsium, nierversaking, moegheid, gesigsuitslag, eriteem, algemene urtikarie, artralgie, jeuk, gevoelloosheid van die tong en 'n gevoel van nood.

In die geval van oordosering kan simptomatiese behandeling (met ondersteunende maatreëls en maagspoeling, indien nodig) voldoende wees.

Flukonasool word hoofsaaklik deur die niere uitgeskei; geforseerde diurese sal waarskynlik die eliminasiekoers verhoog. 'n Drie ure hemodialisesessie verminder die plasmavlakke met ongeveer 50 %.

IDENTIFIKASIE:

AURO FLUCONAZOLE 50 mg:
Wit tot byna-wit ondeursigtige grootte '4' harde gelatienkapsule gevul met 'n wit tot byna-wit poeier en met 'E' op die wit tot byna-wit dop en '95' op die wit tot byna-wit liggaam met geel ink gedruk.

AURO FLUCONAZOLE 100 mg:
Wit tot byna-wit ondeursigtige grootte '2' harde gelatienkapsule gevul met 'n wit tot byna-wit poeier en met 'E' op die wit tot byna-wit dop en '96' op die wit tot byna-wit liggaam met geel ink gedruk.

AURO FLUCONAZOLE 150 mg:
Wit tot byna-wit ondeursigtige grootte '1' harde gelatienkapsule gevul met 'n wit tot byna-wit poeier en met 'E' op die wit tot byna-wit dop en '97' op die wit tot byna-wit liggaam met geel ink gedruk.

AURO FLUCONAZOLE 200 mg:
Wit tot byna-wit ondeursigtige grootte '0' harde gelatienkapsule gevul met 'n wit tot byna-wit poeier en met 'E' op die wit tot byna-wit dop en '98' op die wit tot byna-wit liggaam met geel ink gedruk.

AANBIEDING:
AURO FLUCONAZOLE 50 mg:
1. **Stolpverpakking**
   Kapsules word in helder 250 µm PVC, bedek met 60 g/m2 PVdc en gedrukte aluminiumfoelie met 7 g/m2 hitte seëllak verpak.
   Pakgrootte: 14s- Elke karton bevat 1 stolpstrokie met 14 kapsules elk.
2. **HDPE houer**
   Kapsules word in 'n 40 ml wit ondeursigtige HDPE houer met 'n wit ondeursigtige polipropileen skroefdop met induksie seëlprop verpak.
   Pakgrootte: 30s- Elke houer bevat 30 kapsules.

AURO FLUCONAZOLE 100 mg:
1. **Stolpverpakking**
   Kapsules word in helder 250 µm PVC, bedek met 60 g/m2 PVdc en gedrukte aluminiumfoelie met 7 g/m2 hitte seëllak verpak.
   Pakgrootte: 30s- Elke karton bevat 3 stolpstrokie met 10 kapsules elk.
2. **HDPE houer**
   Kapsules word in 'n 40 ml wit ondeursigtige HDPE houer met 'n wit ondeursigtige polipropileen skroefdop met induksie seëlprop verpak.
   Pakgrootte: 30s- Elke houer bevat 30 kapsules.

AURO FLUCONAZOLE 150 mg:
1. **Stolpverpakking**
   Kapsules word in helder 250 µm PVC, bedek met 60 g/m2 PVdc en gedrukte aluminiumfoelie met 7 g/m2 hitte seëllak verpak.
   Pakgrootte: 1s - Elke karton bevat 1 stolpstrokie met 1 kapsule elk.
2. **Stolpverpakking**
   Kapsules word in helder 250 µm PVC, bedek met 60 g/m2 PVdc en gedrukte aluminiumfoelie met 7 g/m2 hitte seëllak verpak.
   Pakgrootte: 4s - Elke karton bevat 1 stolpstrokie met 4 kapsules elk.

AURO FLUCONAZOLE 200 mg:
1. **Stolpverpakking**
   Kapsules word in helder 250 µm PVC, bedek met 60 g/m2 PVdc en gedrukte aluminiumfoelie met 7 g/m2 hitte seëllak verpak.
   Pakgrootte: 30s- Elke karton bevat 3 stolpstrokies met 10 kapsules elk.
2. **HDPE houer**
   Kapsules word in 'n 60 ml wit ondeursigtige HDPE houer met 'n wit ondeursigtige polipropileen skroefdop met induksie seëlprop verpak.
   Pakgrootte: 30s- Elke houer bevat 30 kapsules.

BERGINGSINSTRUKSIES:
1) **Stolpverpakking:**
   Bewaar by of benede 25 °C. Hou die stopstrokies in die karton tot voor gebruik.
2) **HDPE houer:**
   Bewaar by of benede 25 °C. Hou dig toe.

HOU BUITE BEREIK VAN KINDERS.

REGISTRASIENOMMMER:

SUID-AFRIKA:
AURO FLUCONAZOLE 50 mg: 43/20.2.2/0560
AURO FLUCONAZOLE 100 mg: 43/20.2.2/0561
AURO FLUCONAZOLE 150 mg: 43/20.2.2/0562
AURO FLUCONAZOLE 200 mg: 43/20.2.2/0563

NAMIBIË:
AURO FLUCONAZOLE 50 mg: 20/20.2.2/0039
AURO FLUCONAZOLE 150 mg: 20/20.2.2/0040
AURO FLUCONAZOLE 200 mg: 20/20.2.2/0041

NAAM EN ADRES VAN DIE REGISTRASIEHOUER:
AUROGEN SOUTH AFRICA (EDMS) BPK
Woodhill Kantoorpark, Gebou Nr. 1,
Eerste Vloer Phillip Engelbrechtlaan 53,
Meyersdal, Uitbr. 12, Johannesburg,1448,
Suid-Afrika

DATUM VAN PUBLIKASIE VAN HIERDIE PROFESSIONELE INLIGTING:
Datum van registrasie:
10 Oktober 2013

Datum van hersiening:
5 Desember 2022

P1532673

DETACH BEFORE DISPENSING

SUID-AFRIKA: S4
NAMIBIË: NS2
AURO FLUCONAZOLE 50 mg (kapsule)
AURO FLUCONAZOLE 100 mg (kapsule)
AURO FLUCONAZOLE 150 mg (kapsule)
AURO FLUCONAZOLE 200 mg (kapsule)
Flukonasool

Lees die hele brosjure sorgvuldig voordat u begin om AURO FLUCONAZOLE te neem.
-Hou hierdie blaadjie. U mag dit moontlik weer wil lees.
-Indien u enige verdere vrae het, moet u asseblief u dokter of apteker raadpleeg.
-**AURO FLUCONAZOLE** is vir u persoonlik voorgeskryf en u behoort nie u medisyne met ander mense te deel nie. Dit mag hulle skade aandoen, ookal het hulle dieselfde simptome as u.

1. WAT AURO FLUCONAZOLE BEVAT
Die aktiewe bestanddeel is flukonasool.
AURO FLUCONAZOLE 50 mg: Elke kapsule bevat 50 mg flukonasool. Bevat suiker: 50.56 mg laktose.
AURO FLUCONAZOLE 100 mg: Elke kapsule bevat 100 mg flukonasool. Bevat suiker: 101.12 mg laktose.
AURO FLUCONAZOLE 150 mg: Elke kapsule bevat 150 mg flukonasool. Bevat suiker: 151.68 mg laktose.
AURO FLUCONAZOLE 200 mg: Elke kapsule bevat 200 mg flukonasool. Bevat suiker: 202.24 mg laktose.

Die ander bestanddele van **AURO FLUCONAZOLE** is mieliestysel, natriumlourielsulfaat, kolloïdale anhidriese silika en magnesiumstearaat. Die leë, harde gelatienkapsule bestaan uit gelatien, natriumlourielsulfaat en titaandioksied (C.I. Nr.: 77891). Die kapsule word gedruk met voedselgraad ink, skellak en geel ysteroksied (C.I. Nr.: 77492).

2. WAARVOOR AURO FLUCONAZOLE GEBRUIK WORD
AURO FLUCONAZOLE word gebruik om ernstige swaminfeksies te behandel wat op verskillende plekke van die liggaam kan voorkom.

3. VOORDAT U AURO FLUCONAZOLE NEEM
Moenie AURO FLUCONAZOLE neem nie:
* As u 'n bekende hipersensitiwiteit (allergie) teen flukonasool of enige van die bestanddele van **AURO FLUCONAZOLE** of teen enige asoolmiddels het.
* As u medisyne soos kisapried, astemisool, pimosied en kinidien neem, aangesien hierdie medisyne die QT-interval kan verleng en ongereelde harttempo kan veroorsaak.
* As u swanger is.
* As u baba borsvoed.

Neem spesiale sorg met AURO FLUCONAZOLE:
* U sal noukeurig deur u dokter gemonitor word as u aan 'n onderliggende lewersiekte ly.
* Die dosis van **AURO FLUCONAZOLE** moet aangepas word as u aan nierprobleme ly.
* As u uitslag ontwikkel met blasies of pienk tot rooi simmetries gerangskikte kolle wat jeukerig is, moet u met die gebruik van **AURO FLUCONAZOLE** staak en onmiddellik u dokter raadpleeg.

Swangerskap en borsvoeding:

As u swanger is of u baba borsvoed, moet u asseblief u dokter, apteker of ander gesondheidsbeampte vir advies nader voor u **AURO FLUCONAZOLE** neem.

U behoort nie **AURO FLUCONAZOLE** te neem as u swanger is, beoog om swanger te raak of as u u baba borsvoed nie.

Bestuur en die gebruik van masjinerie:
AURO FLUCONAZOLE kan gesigsprobleme veroorsaak. As u só geaffekteer word, moet u nie bestuur of met masjinerie werk nie.

Belangrike inligting oor sommige van die bestanddele van AURO FLUCONAZOLE:
AURO FLUCONAZOLE bevat laktose wat 'n soort suiker is. Voordat u **AURO FLUCONAZOLE** neem, moet u asseblief u dokter vir advies raadpleeg as u intolerant teen sekere suikers is.

Die neem van ander medisyne saam met AURO FLUCONAZOLE:
Daar bestaan 'n interaksie tussen **AURO FLUCONAZOLE** en warfarien (medisyne wat die bloed verdun om bloedklonte te voorkom), kortwerkende bensodiasepiene (midasolam, triasolam of soortgelyke medisyne wat u help om te slaap), siklosporien, takrolimus (om oorplantingsverwerping te voorkom), fenitoïen, teofillien (gebruik om asma te behandel), sidovudien (gebruik om MIV-infeksie te behandel), kisapried (gebruik vir maagongesteldhede) en rifabutien (antibiotika vir infeksies).

Stel altyd u professionele gesondheidswerker in kennis as u enige ander medisyne neem (Dit sluit komplementêre en tradisionele medisyne in).

4. HOE OM AURO FLUCONAZOLE TE NEEM

Neem **AURO FLUCONAZOLE** altyd presies soos deur u dokter voorgeskryf. Bevestig met u dokter of apteker as u onseker is. As u van mening is dat die effek van **AURO FLUCONAZOLE** te sterk of te swak is, moet u u dokter of apteker raadpleeg.

Die duurte van behandeling en die dosis sal van die graad van erns, die kliniese respons en bakteriologiese kulture afhang.

In volwassenes is die dosisreikwydte 50 mg - 400 mg daagliks.

AURO FLUCONAZOLE is nie geskik vir gebruik in kinders nie.

As u te veel AURO FLUCONAZOLE geneem het:

In die geval van oordosering, raadpleeg u dokter of apteker. As hulle nie beskikbaar is nie, kontak u naaste hospitaal of gifbeheersentrum.

As u vergeet het om AURO FLUCONAZOLE te neem:
As u vergeet het om 'n dosis te neem, neem dit dan sodra u daarvan onthou, tensy dit byna tyd vir die volgende dosis is. Moenie 'n dubbel dosis neem om vir 'n oorgeslaande dosis op te maak nie.

5. MOONTLIKE NEWE EFFEKTE
AURO FLUCONAZOLE kan newe effekte hê.

Raadpleeg **ONMIDDELLIK** u dokter as u enige van die volgende newe effekte ondervind:

'n Skielike, lewensbedreigende allergiese reaksie, vinnige swelling van die vel van die gesig, geel verkleuring van die vel of oë, donker urien, rooi gevlekte uitslag en blasies in u mond of neus.

As u enige van hierdie newe effekte ondervind, behoort u onmiddellik met die gebruik van **AURO FLUCONAZOLE** te staak.

Raadpleeg u dokter **SO GOU AS MOONTLIK** as u enige van die volgende newe effekte waarneem:

Buikpyn, diarree, winderigheid, naarheid, braking, smaakveranderinge, koors, gereelde infeksies, kneusing, neusbloei, jeukerige vel, haarverlies, stuipaanvalle, hardlywigheid, menstruele afwykings en abnormale gesig.

Nie al die newe effekte wat vir **AURO FLUCONAZOLE** aangemeld is, word in hierdie brosjure ingesluit nie. As u algemene gesondheid agteruitgaan of as u enige ongewone effekte ondervind terwyl u **AURO FLUCONAZOLE** neem, moet u asseblief u dokter, apteker of ander professionele gesondheidswerker om advies raadpleeg.

6. OPBERGING EN WEGDOEN VAN AURO FLUCONAZOLE

Bewaar al medisyne buite die bereik van kinders

1) **Stolpverpakking:**
Bewaar by of benede 25 °C. Hou die stopstrokies in die karton tot voor gebruik.

2) **HDPE houer:**
Bewaar by of benede 25 °C. Hou dig toe.

Neem alle ongebruikte medisyne na u apteker terug. Moenie enige ongebruikte medisyne in die drein of riolering (bv. toilette) weggooi nie.

7. AANBIEDING VAN AURO FLUCONAZOLE

AURO FLUCONAZOLE 50 mg:
1. **Stolpverpakking**
Kapsules word in helder 250 µm PVC, bedek met 60 g/m2 PVdc en gedrukte aluminiumfoelie met 7 g/m2 hitte seëllak verpak.
Pakgrootte: 14s- Elke karton bevat 1 stolpstrokie met 14 kapsules elk.
2. **HDPE houer**
Kapsules word in 'n 40 ml wit ondeursigtige HDPE houer met 'n wit ondeursigtige polipropileen skroefdop met induksie seëlprop verpak.
Pakgrootte: 30s- Elke houer bevat 30 kapsules.

AURO FLUCONAZOLE 100 mg:
1. **Stolpverpakking**
Kapsules word in helder 250 µm PVC, bedek met 60 g/m2 PVdc en gedrukte aluminiumfoelie met 7 g/m2 hitte seëllak verpak.
Pakgrootte: 30s- Elke karton bevat 3 stolpstrokies met 10 kapsules elk.
2. **HDPE houer**
Kapsules word in 'n 40 ml wit ondeursigtige HDPE houer met 'n wit ondeursigtige polipropileen skroefdop met induksie seëlprop verpak.
Pakgrootte: 30s- Elke houer bevat 30 kapsules.

AURO FLUCONAZOLE 150 mg:
1. **Stolpverpakking**
Kapsules word in helder 250 µm PVC, bedek met 60 g/m2 PVdc en gedrukte aluminiumfoelie met 7 g/m2 hitte seëllak verpak.
Pakgrootte: 1s- Elke karton bevat 1 stolpstrokie met 1 kapsule elk.
2. **Stolpverpakking**
Kapsules word in helder 250 µm PVC, bedek met 60 g/m2 PVdc en gedrukte aluminiumfoelie met 7 g/m2 hitte seëllak verpak.
Pakgrootte: 4s- Elke karton bevat 1 stolpstrokie met 4 kapsules elk.

AURO FLUCONAZOLE 200 mg:
1. **Stolpverpakking**
Kapsules word in helder 250 µm PVC, bedek met 60 g/m2 PVdc en gedrukte aluminiumfoelie met 7 g/m2 hitte seëllak verpak.
Pakgrootte: 30s- Elke karton bevat 3 stolpstrokies met 10 kapsules elk.
2. **HDPE houer**
Kapsules word in 'n 60 ml wit ondeursigtige HDPE houer met 'n wit ondeursigtige polipropileen skroefdop met induksie seëlprop verpak.
Pakgrootte: 30s- Elke houer bevat 30 kapsules.

8. IDENTIFIKASIE VAN AURO FLUCONAZOLE

AURO FLUCONAZOLE 50 mg:
Wit tot byna-wit ondeursigtige grootte '4' harde gelatienkapsule gevul met 'n wit tot byna-wit poeier en met 'E' op die wit tot byna-wit dop en '95' op die wit tot byna-wit liggaam met geel ink gedruk.

AURO FLUCONAZOLE 100 mg:
Wit tot byna-wit ondeursigtige grootte '2' harde gelatienkapsule gevul met 'n wit tot byna-wit poeier en met 'E' op die wit tot byna-wit dop en '96' op die wit tot byna-wit liggaam met geel ink gedruk.

AURO FLUCONAZOLE 150 mg:
Wit tot byna-wit ondeursigtige grootte '1' harde gelatienkapsule gevul met 'n wit tot byna-wit poeier en met 'E' op die wit tot byna-wit dop en '97' op die wit tot byna-wit liggaam met geel ink gedruk.

AURO FLUCONAZOLE 200 mg:
Wit tot byna-wit ondeursigtige grootte '0' harde gelatienkapsule gevul met 'n wit tot byna-wit poeier en met 'E' op die wit tot byna-wit dop en '98' op die wit tot byna-wit liggaam met geel ink gedruk.

9. REGISTRASIENOMMER / VERWYSINGSNOMMER

SUID-AFRIKA:
AURO FLUCONAZOLE 50 mg: 43/20.2.2/0560
AURO FLUCONAZOLE 100 mg: 43/20.2.2/0561
AURO FLUCONAZOLE 150 mg: 43/20.2.2/0562
AURO FLUCONAZOLE 200 mg: 43/20.2.2/0563

NAMIBIË:
AURO FLUCONAZOLE 50 mg: 20/20.2.2/0039
AURO FLUCONAZOLE 150 mg: 20/20.2.2/0040
AURO FLUCONAZOLE 200 mg: 20/20.2.2/0041

10. NAAM EN ADRES VAN DIE REGISTRASIEHOUER
AUROGEN SOUTH AFRICA (EDMS) BPK
Woodhill Kantoorpark, Gebou Nr. 1,
Eerste Vloer Phillip Engelbrechtlaan 53,
Meyersdal, Uitbr. 12, Johannesburg,1448,
Suid-Afrika

11. DATUM VAN PUBLIKASIE VAN HIERDIE VOUBILJET
Datum van registrasie:
10 Oktober 2013

Datum van hersiening:
5 Desember 2022